# HAVE YOUR SAY / SÊ JOU SÊ

## WHAT WOULD YOU CHANGE ABOUT YOUR TOWN

**Some people stay close to their roots, others trade in the city lights for the peace and quiet of a small town or long for the hustle and bustle of the busy city life. It doesn't matter what you prefer, we are all just looking for a place to call home. Platinum Bushvelder spoke to the community members to find out what they would like to change in their hometowns.**



"I would like theft to stop. As a community we must watch out for each other and protect each other. We must work as one team to achieve this goal."
**Johannes Matsimela, Northam community member**

"Eintlik is alles in orde hier op Swartklip, daar is regtig niks wat ek sou wou verander nie. Ons dorpie is altyd skoon, en indien daar probleme is, werk ons saam en staan ons saam."
**Zelda Conradie, Swartklip gemeenskapslid**





"Everybody is responsible for their own yard and to keep it clean and neat, even outside on the pavement. If you rent a place, why do you dump rubbish all over the place. Have some pride. Keep it neat"
**Joseph Themba, Northam community member**



"Ek sal bitter graag wil hê dat grondeienaars en die munisipaliteit iets doen ten opsigte van die leë erwe! Almal gooi hulle gemors daar en ons moet daarin vaskyk. Al omhein hulle dit net sodat dit netjieser kan lyk, is dit klaar 'n begin!"
**Lizl Janse Van Rensburg, Northam gemeenskapslid**

**If you would like to have your say contact Platinum Bushvelder on 081 309 3876 or email us on reinette@platinumbushvelder.co.za.**

# DIT IS HOE DIT GAAN MET KRAPPIES

**Thabazimbi -** Johan Greyling of Krappies soos almal hom ken, was op 31 Desember 2019 in 'n motorongeluk wat sy hele lewe verander het.

In 'n onderhoud met *Platinum Bushvelder* vertel Krappies: "Die aand van die ongeluk was ek 'n passasier in die voertuig. Ek het die hele pad onrustig gevoel en het begin bid. As ek nou daaraan dink besef ek dit is die Heilige Gees wat my gewaarsku het".

Na die ongeluk het Krappies sy twee vriende wat saam met hom in die ongeluk was uit die voertuig uitgehelp en teen die deur van die kar geleen en later besef maar iets is nie reg met sy been nie. "Ek het op die gras gaan lê en besef dat God my gebede verhoor het want ten spyte van my been het ons almal lewendig uit die ongeluk gekom".

Hy het ernstige beserings opgedoen en sy been was op die punt om geamputeer te word.

Die familie het nie 'n mediese fonds gehad nie en die Thabazimbi gemeenskap het dadelik ingespring om te help.

Twee maande na die ongeluk is Krappies weer by die huis. Genadiglik was dit nie nodig om sy been te amputeer nie en hy het weer 'n glimlag op sy gesig.

"Ek is ongelooflik dankbaar vir elkeen se gebede en vir God wat my al sover gedra het. Die ongeluk het my verhouding met die Here net versterk," het Krappies gesê.

Al kan Krappies nog nie sy been gebruik nie is die dokters baie tevrede met sy vordering en die volgende stap is die ortopediese gedeelte van sy behandeling. Sy ligamente moet weer geheg word en sy knieskuif en frakture moet herstel waarna hy vir rehabilitasie kan gaan.

Die toekoms is nog onseker maar die gesin staan vas in hulle geloof. Krappies wil graag dankie sê vir almal wat donasies gegee het asook Thelma en Wessel du Preez vir alles wat hulle gedoen het asook vir sy vriende wat hom bygestaan het en ondersteun het.

**Indien jy Krappies wil bystaan op sy pad om te herstel kontak sy ma Retha Greyling op 071 360 2904.**



Krappies se gemoed is beter en hy is opgewonde oor die toekoms.


EIENDOMME PROPERTIES

JF van Graan en vd Wateren
Eiendomme/Properties
Tel: 014 777 1611/2 | 014 772 1770 (h)
Cell: 082 550 6649
marina@vgvdwproperties.co.za
Van der Bijlstraat/ street 61
Posbus/ PO Box 107 | Thabazimbi 0380



Marina van der Wateren

TE HUUR: 4 SLPK, 2 BADK, STUDEERKAMER, OOPPLAN LEEFAREA, KOMBUIS MET APARTE OPWAS, BRAAI-AREA & SWEMBAD, 2 M/H, 1 SLPK WOONSTEL MET BASIESE GERIEWE – R15 000

TE KOOP THABAZIMBI



3 SLPK, 2 BADK, SIT- & EETKAMER, KOMBUIS, OPWAS, MOTORHUIS, LAPA MET BRAAI-AREA – R950 000



2 SLPK, 2 BADK, OOPPLAN LEEFAREA, KOMBUIS MET OPWAS, TOESLUIT MOTORHUIS, LAPA – R850 000



4 SLPK, 2 BADK, OOPPLAN LEEFAREA, STUDEERKAMER, ONTHAALAREA, RUIM KOMBUIS MET OPWAS, BUITEGEBOUE MET EIE BADKAMER, MOTORHUIS EN EKSTRA BUITEKAMERS, AFDAKKE, TOEGERUSTE TENK MET POMP, NOG BAIE EKSTRA'S – R1 160 000

GROOT VERSKEIDENHEID PLOTTE, PLASE TE KOOP
VERSKEIE ERWE TE KOOP ASOOK IN ECO PARK VANAF R230 000 - R250 000
BOU JOU DROOMHUIS


# WINSKOOP!

**Thabazimbi -** Twee slaapkamer meenthuis met 'n vol badkamer, oopplan leefarea, en een motorhuis in 'n sekuriteit kompleks - R680 000.

**Skakel Marina vd Wateren by 082-550 6649 by JF van Graan & vd Wateren Eiendomme vir meer inligting.**



# KOM ONS MAAK DIE SIRKEL GROTER

**Thabazimbi** - Tekkie Tax tyd is om die draai. Vrydag, 29 Mei, is die dag waarop jy vir die res van die land kan wys waar jou hart lê.

Tekkie Tax het reeds huishoudelike status bereik en is een van die belangrikste datums op die Suid-Afrikaanse kalender. Dis so maklik soos A, B, C, D, en E om deel te neem!

**Daar is vyf sektore:**

A – Allerhande diere
B – Bring Hoop
C – *Cool* kinders
D – Dienslewering aan mense met gestremdhede
E – Essensiële onderwys

Hierdie jaar maak ons die sirkel groter met ons *een vir almal en almal vir een* plakker! Jy kan ook vir jou Tekkie Tax-wapens kry en op jou baadjie of tas vasspeld. Ons Tekkie Tax skoenveters is hierdie jaar baie uniek en daar is twee kleure t-hemde om van te kies.

Tekkie Tax se nasionale organisasies vir 2020 sluit verskeie dierebeskermings takke en ander dieresorg organisasies, SAVF, Families SA, Lifeline SA, verskeie kindersorg en ander kinderbeskerming organisasies, Epilepsy SA, Down Sindrome SA en die Cancer Association of South Africa in.

Tekkie Tax geniet die ondersteuning van verskeie media huise, maatskappye, bekendes en duisende individue. Ons hoop om jou naam op die lys by te voeg. Meer afsetpunte sal binnekort aangekondig word.

**Vir meer inligting kontak SAVF Thabazimbi op 014 777 1093 of Christelle Barnard op 0842 1818 20 of Annali Connear op 064 305 0569.**